Wanneer is die eindtyd en hoe word dit bepaal???

Dit is aan ons Geopenbaar !!

Deur die openbaring wat God aan Daniël gegee het, oor die beeld, in die droom van koning Nebukadneser.

Die tydperk van die openbaring strek vanaf 604v.C. tot aan die **einde van die dae,** wat in vergelyking, die volle lengte van die beeld van 'n mens, in die droom verteenwoordig. M.a.w. die tydperk strek vanaf die hoof van goud en eindig by die tone van yster en klei - **die einde van die dae (tone).**

Ons, in hierdie huidige tyd, het die voordeel dat ons vandag alles van bogenoemde kan bevestig uit geskiedkundige feite, historiese-, ekonomiese wêreldse ontwikkeling en huidige wêreldgebeure.

Daar staan geskryf: Matt 24:36 – Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook nie die engele van die hemele nie, maar net my **Vader** alleen.

Belangrik egter: Hosea 4:6 - My volk gaan te gronde **weens gebrek aan kennis**...

Daarom: - Alle eer aan ons **hemelse Vader** wat die kennis **lankal** aan ons geopenbaar het - Markus 13:23

Hierdie is die Openbaring, en die tyd strek vanaf die Openbaring, oor die volle lengte van tyd op aarde, tot aan die einde:
Daniël 2:28 - Maar daar is 'n God in die hemel wat geheime openbaar, en Hy het koning Nebukadneser bekend gemaak wat aan **die einde van die dae** sal gebeur. U droom en die gesigte van u hoof op u bed was dit:

Toets die volgende : Daniël 2:29 tot 43

Die beeld in die droom van koning Nebukadneser

Die hoof van Goud verteenwoordig die tydperk van die Babiloniese Ryk - 604 v.C. tot 538 v.C.

Die bors en arms van Silwer verteenwoordig die Ryk van die Mede en Perse – 538 v.C. tot 333 v.C.

Die buik en lendene van Koper verteenwoordig die Griekse Ryk – 333 v.C. tot 62 v.C.

Die bene van Yster en die voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei, verteenwoordig die Romeinse Ryk wat hard was, soos yster. - 62 v.C. tot 476 n.C.

Vanaf 476 n.C. tot en met 1955 herleef die Romeinse Ryk in die opkoms van die imperiale Pousdom, wat in dié tydperk feitlik ongesiens oor die wêreld heers.

Vanaf 1955 tot en met 1993, plus die tyd wat dit gaan neem om die tien unies te vestig, volg die tydperk van voete van yster en klei.

In1993, met die **vestiging van die Europese Unie**, breek die tydperk van die tien tone aan. Sodra al die unies gevestig is, sal dié tyd strek tot aan **die einde van die dae !!!!**

Wat gebeur sedert 1955??

Hiervandaan ontwikkel alles baie vinnig. Sedert 1955, wat die tydperk van voete van yster en klei inlyf, is daar begin om die Europese Unie, die eerste unie van **tien**, op te rig. Dit is baie duidelik dat, deur die nasies van die lande waaruit die EU bestaan, in die tydperk, tot en met 1993, **saam te voeg**, **presies is soos om yster en klei te** meng - **Daniël 2:43.** Net soos ons reënboognasie plaaslik, wat maar net nie seepglad en lekker bymekaar kan inskakel nie.

Dit is dus duidelik, dat die **tydperk 1955 tot 1993**, plus die tyd wat dit gaan neem om die ander unies te vestig, **die tydperk van die voete van yster en klei is,** wat dan ook so deur die beeld uitgebeeld word. Daar is geskryf dat dit so sal wees, en dit gebeur so !! **Sien Daniël 2: 45 en 47.**

Kom ons fokus op die Eindtye !!

Die beeld eindig by die tien tone **(die einde van die dae).** Die beeld is in dieselfde verhouding, as die van 'n mens. Tone, in verhouding tot die res van die liggaam, verteenwoordig 'n kort tydperk, sou die verhouding wiskundig bereken word - Ongeveer sewe jaar !!!
Die vestiging van die Europesie Unie in 1993 lei die tydperk van die tien tone in, maar maak nog deel uit van die voete van yster en klei, soos in die beeld van Nebukadneser se droom. Die vooruitbeplanning is dat **die ander unies ongeveer 20 tot 30 jaar gaan neem om te vestig , vanaf 1993.**

Dit beteken dat die **tien unies enige tyd vanaf 2013 gevestig kan wees**. Tans moet nog net drie unies vestig. Met die finale vestiging van al tien unies, daardie dag en datum, neem die tydperk van die tien tone in aanvang **(die verdrukking) - Matthéús 24:21. Dan is die pad geplavei vir 'n een - wêreldstelsel, een geldstelsel en die heerskappy van die Antichris. Openbaring 13: 11 tot 18.**

Inligting oor die tien unies is op internet beskikbaar. Die tien Unies is :

1.African Union 2.South American Union 3.European Union 4.North American Union 5.Mediterranean Union
6.Central American Union 7.Gulf Union 8.Caribbean Union 9.Asian Union 10.Asian Pacific Union.

Kan daar nog oor die eindtyd getwyfel word????

Laat elkeen wat hier lees, self besluit . Vergelyk die grote van jou groottoon met die res van jou liggaam en maak die som. Wat van kardinale belang is, is dat daar waarskuwings en raad aan ons gegee word in die Bybel rakende die eindtye, waarop ernstig gelet moet word .

Eerstens: 1 Thessalonicense 5:20 - Verag die profesieë nie. (Ons moet profesieë ernstig opneem).

Tweedens: Ons sal uit ons gemaksone moet kom **- Markus 13:14,19** – En wanneer julle die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan waar dit nie behoort nie **– laat hom wat lees oplet** – dan moet die wat in Judea is, na **die berge vlug**; want daardie dae sal daar 'n **verdrukking** wees soos daar nie gewees het van die **begin** van die skepping af wat God geskape het tot **nou** toe, en ook **nooit** sal wees nie.

Derdens: Ons moet luister, want ons word gewaarsku **- Markus 13: 23 -** Maar julle moet op jul **hoede** wees. Kyk, Ek het **alles** vir julle **vooruit** gesê**.**

Vierdens: Ons sal eenkant moet gaan om distansie van die dier te verkry **.**
Openbaring 14: 9,10 – En 'n derde engel het hulle gevolg en met 'n groot stem gesê: As iemand **die dier en sy beeld aanbid** en **'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang**, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God...

Vyfdens: Ons moet gehoorsaam wees **- Openbaring 3:13** - Wie 'n **oor** het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

Wat wag op ons ???

Openbaring 13: 15,16,17 en 18

En dit is hom gegee om ‘n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal **gedood** word wat die dier se beeld nie aanbid nie. En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe ‘n merk op hulle **regterhand** en op hulle **voorhoofde** gegee word; sodat niemand kan **koop of verkoop** nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het. Hier kom die wysheid te pas. Wie die verstand het, laat hom die getal van die dier bereken, want dit is die getal van ‘n mens; en sy getal is seshonderd - ses - en - sestig.

Ons neem die waarskuwings in die Bybel ter harte, en wil iets daadwerkliks daaraan doen ???

Aan dié wat glo dat Jesus ons verlosser is, en die Bybel as die woord van God beskou, wat besef dat daar nie meer tyd is om te kibbel oor ‘n volkstaat, of jy ‘n Afrikaner, ‘n Boer, ‘n wit Suid – Afrikaner of ‘n blanke Afrikaner is nie, vir dié nooi ons om deel uit te maak van ons beplanning om gehoor te gee aan die waarskuwings in die Bybel sodat ons eenkant kan gaan, om sover menslik moontlik aan Bybelse uitsprake gehoor te gee.

Meer inligting beskikbaar by : www.eofsa.org

Goeie Nuus !!

Daniël 2 : 44 en 45 - Maar in die dae van die konings sal die God van die hemel ‘n koninkryk verwek wat **in ewigheid** nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan **geen ander volk** oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar ‘n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan - net soos u gesien het dat **sonder toedoen van mensehande** ‘n klip van die berg losgeraak het wat die yster, die koper, die klei, die silwer en die goud verbrysel het. Die grote God het aan die koning bekend gemaak wat hierna sal gebeur; en die droom **is waar** en sy uitlegging **betroubaar.**

Derde Wêreldoorlog ??

Daar word wyd bespiegel dat die einde van die wêreld deur ‘n derde wêreldoorlog voorafgegaan sal word. Bogenoemde dui egter aan dat **God** ‘n koninkryk gaan verwek (opstanding en wegraping?) en dat **God** sy koninkryk self gaan aanvoer **(sien :sonder toedoen van mensehande).** God gaan al die ander koninkryke verbrysel en daar ‘n einde aan maak. Dit gaan nie ‘n geveg wees van land teen land nie, maar een van **God en sy koninkryk**, teen koninkryke. **Amen**